Geagte graad 1 ouers,

Hiermee wil ons julle graag verwelkom by Graad 1. Ons is baie opgewonde om jul kinders se vordering te sien in 2021. Ons gee ook belangrike inligting in hierdie brief aan julle deur.

Die leerders moet asseblief in die oggende by hek 1 afgelaai word tussen 7:00 en 7:30. Hulle sal daar gesaniteer word en loop dan op die blou kolle tot by hul klas waar hul juffrou hulle sal ontvang. Hek 1 is by die parkie naby die tennisbaan. Die graad 1's kom Maandae tot Vrydae13:00 uit. Maandae tot Donderdae is daar Wagklas van 13:00 tot 13:40. Vrydae mag die leerders Swarrie klere aantrek. Gr 1 leerders ontvang hul hempies die 15 de Februarie. Na skool loop die personeel saam met die kinders tot by hek 2 waar julle hulle kan oplaai. Die hek word stiptelik 13:15 gesluit waarna u, u kind by die kantoor sal moet kry.

Daar word 'n spesiale toegewing gemaak dat Gr. 1 ouers hul kind die eerste dag na die klas mag vergesel. U kan dus help om al die skoolbenodighede te dra en gou 'n foto van u kind te neem in hul klas. Ons versoek u vriendelik om die proses nie uit te rek nie en dadelik die skoolterrein te verlaat. Al die kind se skryfbehoeftes word in hul eie houers, in die klas gebêre sodat dit ten alle tye beskikbaar is as iets opraak. Moet asb. nie die skrifte oortrek nie want ons het reeds oortreksels gereed vir elke kind.

Die leerders gaan 'n huiswerkboekie ontvang met werkies wat hulle Maandae tot Danderdae moet doen. Vrydae geen huiswerk. Die boek moet elke dag by die skool wees en ons sal dit kontroleer. Moet asb. nie werk vooruit doen nie. Hou by die datums. Ons moet eers die werk behandel in die klas.
Kuns word gewoonlik op 'n Vrydag gedoen.

Kontak asseblief u kind se onderwyser oordeelkundig. U kan gerus afsprake via e-pos maak.

Die leerders word deurlopend geassesseer. Laat weet asseblief u kind se onderwyser indien hy/sy nie by die skool kan wees nie aangesien die assessering ingehaal moet word. Die slaagvereistes is: Afrikaans – 4(50%), Engels – 3(40%) en Wiskunde – 3(40%). Op Teams word 'n opsomming van die Beplanning gelaai asook 'n paar video's. Dit is slegs vir wanneer u kind vir 'n paar dae afwesig gaan wees.

Snoepiegeld moet asseblief oordeelkundig gegee word. Ons vra ook dat die kinders nie te veel lekkers sal bring vir pouse nie. Hoewel ons toelaat dat hul kos gaan koop by die snoepie, het elke klas het 'n dag wanneer hulle lekkers mag koop.
Maandae: Juf. Hettie
Dinsdae: Juf. Louise
Woensdae: Juf. Judi
Donderdae: Juf. Mariaan
Vrydae: Juf. Petru

Vriendelike groete,
Graad 1 onderwyseresse

Mariaan Bam – mariaan.bam@laerskoolswartkop.co.za
Judi Coetzee – judi.coetzee@laerskoolswartkop.co.za
Louise Botes – louise.botes@laerskoolswartkop.co.za
Hettie Botha – hettie.botha@laerskoolswartkop.co.za
Petru Roodt – petu.roodt@laerskoolswartkop.co.za